**SAAMPRAATPAPIER** **16 NOVEMBER 2014**

1. **Lees** Matteus 18: 21 - 35.

2. **Bespreek:** Wat in hierdie gedeelte spreek jou aan/staan vir jou uit?

3. **Praat saam:** Hoekom wil ons so graag hê ander moet ons vergewe?

4. **Deel met mekaar**: Uit jou ervaring en op grond van wat die Woord sê: Hoe lyk God se vergifnis vir ons en ander mense?

5. **Praat verder saam:** En hoe lyk ons s'n (ongelukkig) baie kere, ons wat veronderstel is om Sy volgelinge te wees?

6. **Dink na en deel met mekaar**: Hoekom is dit baie keer so moeilik om ander te vergewe?

7. Hoe moet ons vergewe? **Lees die 3 sleutelwoorde in vers 27** en bespreek hoe ons dit in die praktyk moet en kan toepas.

8. Hoe ernstig is die Here ernstig daaroor dat ons ander moet vergewe? **Lees vers 35** en praat daaroor.

9. Vers 22: Sewentig maal 7 keer! **Bid vir mekaar** dat die Here jou hierdie gesindheid sal gee.

*" …Here, hoeveel keer moet ek my broer vergewe as hy iets verkeerds teenoor my doen? Selfs sewe keer?". Jesus antwoord hom: "Ek sê vir jou. Nie sewe keer nie, maar selfs **sewentig maal sewe keer**". (Matt 18: 21-22)*

*"Die koning het hom **jammer gekry**, hom **laat gaan**, en sy **skuld afgeskryf" (Matt 18 vers 27)***